Wie dit mag aangaan

**'n Geleentheid om deel te neem aan die NLU Agribraai 2024!**

Die heel eerste NLU Agribraai is in 1980 in die Gobabis-distrik gehou en sedertdien het dit ontwikkel in Namibië se top landboufees met verskeie stalletjies, gehalte musiek, en die belangrikste: geurige braaigeregte. Geliefde Namibiese sjef en kospersoonlikheid, Sanet Prinsloo, sal weer die leisels neem as hoofbeoordelaar en deurgaans raad van onskatbare waarde aan deelnemers oordra.

Kom neem op 14 en 15 Junie 2024 deel aan die volgende NLU Agribraai aangebied deur die Omuramba Boerevereniging wat aangewys is as die 2023-wenners.

Altesaam 20 boereverenigings nomineer hul beste van die beste met die hoop om N$20 000 en addisionele pryse huis toe te neem, sowel as die titel 2024 Namibiese Braaikampioene. Daarbenewens wen die Boerevereniging die geleentheid om die kompetisie in 2025 aan te bied met behulp van verskeie borge en die ondersteuning van die NLU en sodoende 'n geldelike inspuiting vir hul gemeenskap te bewerkstellig.

Al vorm jy nie deel van 'n boerevereniging nie, kan jy steeds jou braaivernuf kom ten toon stel aangesien twintig sosiale spanne van regoor Namibië ook die geleentheid kry om deel te neem aan die pret.

Niks hiervan sal egter moontlik wees sonder die ondersteuning van borge nie. Dis die ideale geleentheid om jou handelsmerk te bemark, nie net aan die landbougemeenskap nie, maar ook aan die publiek wat die braaidag bywoon. Enige plaaslike besigheid en organisasie wat graag wil deelneem om hierdie besonderse sakegeleentheid en tradisionele fees onvergeetlik te maak, se bydrae word verwelkom.

Die volgende geleenthede is beskikbaar om deel te neem en jou besigheid te bevorder:

- Kontantborgskap: Om te help om die geleentheid aan te bied.
- Skenkings van items: Pryse vir die wenners van die verskillende kategorieë.
- Kom stal jou produkte uit: Stalletjies is beskikbaar vir besighede en entrepreneurs wat graag hulle unieke produkte en dienste wil bevorder.

Channel Kanaal 7
Feedmaster Your Quality Solution
NAMIB POULTRY BECAUSE YOU DESERVE BETTER
namibmills FEEDING THE NATION

Hierdie bemarkingsgeleentheid geniet ook wye mediadekking wat wissel van radio, sosiale media, gedrukte media en persoonlike kommunikasie in die landbougemeenskap. Gryp hierdie geleentheid aan en ondersteun ons plaaslike boere.

Vind aangeheg alle nodige inskrywingsvorms.

Kontak asseblief vir verdere besonderhede:

Richard Riedel: 081 232 0177
Marika Engelbrecht: 081 244 4509